
# 150 Heer, laat my wandel aan u sy




Waar is die sielevreug tog heen,
van daardie eerste tyd,
die vreug toe ek vir Jesus sien,
sy woord my so verbly?

O Gees van God, moet nie vertoef!
Daal neer, o soete Duif.
Ek haat die kwaad wat U bedroef,
en my van U wegdryf.

Die beste afgod wat ek ken,
wat dit dan ook mag wees,
verwerp ek nou om U te wen,
en U alleen te vrees.

So sal my wandel wees met God
in kalme vrede soet,
‘n lig beskyn my weg na Hom,
die Lam wat vir my boet.

Onbekend H. Wilson (1766-1824)